# FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

UITGAWE 400 · 30 JANUARIE 2026

# MONITORBESTUUR 2026



"WAT JULLE OOK AL DOEN, DOEN DIT VIR DIE HERE EN NIE VIR MENSE NIE." - KOL. 3:23



@MONITORBESTUUR_2026

# UIT 'N GRAAD 12 SE OOGPUNT

Vanaf dag een was die atmosfeer energiek en elektries, veral toe die graad 8's so oulik verklee het as ons klein minions. Hulle energie en opgewondenheid het die skool gevul met gees en kleur. Selfs die matrieks het lekker saam gelag.

Wat hierdie eerste twee weke van skool anders gemaak het, is dat ek nie bang of senuweeagtig was nie, want ek het presies geweet wat ek wil bereik en wat hierdie jaar vir my inhou. Ek was van dag een af gemotiveerd om elke geleentheid aan te gryp.

Tyd het erens verdwyn tussen laat aande se interhuisvoorbereiding, ure op die netbalbaan en agter die boeke sit. Die Visse het die vrugte gepluk toe hulle koning kraai — nie net op die dans vloer nie, maar die atletiekbaan ook. Dankie tog vir die ontspanne matriekdag wat verseker het dat ons matrieks en onderwysers uitgerus is vir 'n volgepakte jaar wat voorle. Wie sou nou kon raai dat dit is so lekker sal wees om jou graadhoof te "dunk"?

Hierdie twee weke was vir my meer as net die begin; dit is die eerste boustene van die laaste entjie op my pad hier by Framesby.



-Crishke van Zyl






# MONITORBESTUUR
# NEEM INISIATIEF












# ONS PERSONEEL VERJAAR JANUARIE



5
Patrick van Sensie
(terrein)



13
Marius Germishuys



15
Werner de Lange
(sport)



17
Fanie Afrika
(terrein)



20
Gerhard Beetge
(bystand)



21
Chanelle van Zyl
(sport)



23
Bennie Swartz
(terrein)



24
Carina van Niekerk
(bystand)



29
Jaco de Jager

Baie geluk!

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

# BELANGRIKE DATUMS
## vir volgende week

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 31<br>**KRIEKET SEUNS:**<br>09:00 1ste+0/15A vs Kingswood (w)<br>2des+0/14A vs Kingswood (t)<br>**TENNIS:**<br>Ouer+Kind Tennisdag<br>**ATLETIEK:**<br>Dirk Brand Laerskole Atletiek (t)<br>**SKAAK:**<br>08:00-14:00 Proewe (t)<br>**MNR/MEJ FRAMESBY:**<br>Oefentye sal gekommunikeer word |
| 1 | 2<br>Dag 5<br>DH: HAM<br>**SAAL:** Seniors<br>**AKADEMIE:**<br>Gr. 8-9 Wisk (35min)<br>**KRIEKET SEUNS:**<br>0/14A Liga vs Grey (t)<br>0/14B Liga vs Alexander Road (t)<br>**GHOLF:**<br>Liga<br>**MNR/MEJ FRAMESBY**<br>Oefentye sal gekommunikeer word<br>**LEIERSKAP:**<br>Verkiesing van VRL (Saal – 1ste pouse)<br>**KULTUUR:**<br>ATKV-redenaars+Debat Inskrywings open | 3<br>Dag 6<br>**TENNIS:**<br>Dogtersliga<br>**MNR/MEJ FRAMESBY:**<br>Oefentye sal gekommunikeer word<br>**LEIERSKAP:**<br>Verkiesing van verteenwoordigers van BL (Kamer 10 – 1ste pouse) | 4<br>Dag 7<br>**FRUK:**<br>14:15-16:00 Proscenium oudisies (t)<br>**KRIEKET SEUNS:**<br>3des Liga vs Theodore Herlz (w)<br>4des Liga vs Grey (w)<br>**MNR/MEJ FRAMESBY:**<br>Oefentye sal gekommunikeer word<br>**DOXA DEO:**<br>Getalle in vir skole-aand op 1 Maart 2026<br>i | 5<br>Dag 1<br>**AKADEMIE:**<br>Gr. 10-12 IGO (60 min)<br>**TENNIS:**<br>Seunsliga<br>**KRIEKET DOGTERS:**<br>Liga vs Westering<br>**MNR/MEJ FRAMESBY:**<br>Oefentye sal gekommunikeer word | 6<br>Dag 2<br>**ATLETIEK:**<br>PE Skole (NMU)<br>**NETBAL:**<br>Laerskole Kursus<br>**GHOLF:**<br>06:00 Vertrek na Katberg (w)<br>(PA: JAC/DEJ)<br>**KULTUUR:**<br>FANTASIA<br>Kamp (Framesby) | 7<br>**KRIEKET SEUNS:**<br>1ste+0/15A vs Nico Malan (w)<br>2des+0/14A vs Nico Malan (t)<br>**ATLETIEK:**<br>PE Hoërskole (NMU)<br>Attie van Wyk Laerskole Atletiek (t)<br>**NETBAL:**<br>Hoërskole kursus<br>**SWEM:**<br>B-liga Newton Park<br>**GHOLF:**<br>Katberg (w)<br>**KULTUUR:**<br>FANTASIA<br>Kamp (Framesby)<br>**TWEEKAMP:**<br>Inter-Provinsiaal (Oudtshoorn) |

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ouers, ek wil graag die volgende belangrike punte vir u uitlig:

A) AKADEMIE

WISKUNDE HULPKLASSE

Grade 8 en 9 se hulpklasse is Dinsdae van 14:05 tot 14:45. Graad 10 se hulpklasse is Woensdae direk na die kultuurgleuf. Hulpklasse begin reeds volgende week.

SBA-ASSESSERINGS VIR KWARTAAL

- Die volledige lys van alle SBA-assesserings is aan die nuusbrief geheg.
- Ouers u kan kennis neem dat daar reeds begin is met van hierdie assesserings in klastyd en van die take is reeds uitgedeel om by die huis te voltooi.
- Bestudeer die program deeglik en ondersteun u dogter/seun tuis om deeglik voorbereid te wees.

AFWESIGHEID

- Stuur 'n e-pos dieselfde dag aan die welwillendheidsgraadhoof indien u dogter/seun tydens assesserings afwesig is.
- Vir toetse moet u 'n doktersbrief op dieselfde dag e-pos, anders ontvang u dogter/seun '0' vir die toets.
- Indien afwesig vir ander assesserings moet 'n leerder dit inhaal.

LTSM-BOEKE EN –VORMS

- Ouers u moes nou al kennis geneem het dat boeke aan leerders uitgedeel is saam met 'n departementele Aanhangsel F wat u en u leerder saam moet voltooi.
- Hierdie vorms moet by die skool liasseer word (departementele voorskrif).
- Indien leerders enige van hierdie boeke (voorgeskrewe en handboeke) verloor, word u as ouer verantwoordelik gehou vir die vervanging daarvan.
- Die vakke wat geraak word, is Geskiedenis (10 en 11), Afrikaans en Engelse voorgeskrewe (sekere grade).
- Alle leerders het ook A4-skryfblokke (2) en 'n liniaal vir die jaar ontvang.

B) VERKEERSREËLINGS

Ons wil u as ouergroep vra om ons in die VOLGENDE ASPEKTE BEHULPSAAM te wees:

- Ons wil versoek dat u die spoedgrens in die gebied en strate om die skool eerbiedig. U sal saamstem dat ons nie graag 'n situasie wil beleef waar een van ons in ons skoolgemeenskap of die breër gemeenskap onnodig in 'n ongeluk betrokke is nie.
- Ons het leerders wat in die middae van busvervoer gebruik maak. Daar is egter ouers wat op die busparkeerplekke in Willowbystraat parkeer. Dié parkeerplekke is teen die skool en nou word die leerders gedwing om die pad te kruis.
- Ouers stop soggens en smiddae dwars voor die hoofingang, oor kruisings, voetoorgange, voor sommige hekingange en inwoners se opritte. Dit bring 'n verkeersopeenhoping mee en raak medepadgebruikers. Let asseblief op waar u stilhou en hoe u stilhou die verkeer beïnvloed. Dit is veral 'n probleem by Hek B.
- Daar is ouers wat leerders aan die verkeerde kant van die pad aflaai en teen die verkeer stilhou. Dit bring mee dat leerders teen die pad uit voertuie moet klim. U stel u kind dus in gevaar aangesien hulle baie maklik deur ander voertuie beseer kan word. Beplan asseblief u aflaaipunt en ry verkieslik óm die skool om u kind veilig af te laai.
- Wees bewus van leerders wat tussen voertuie beweeg en ook ander voetgangers wat op verskeie plekke wag om strate te kruis.
- Leerders wat toestemming het om met motorfietse skool toe te kom, moet op die spasie, soos deur die skool bepaal, stilhou. Hulle mag nie voor die skool parkeer nie.
- Leerders wat met motorfietse ry, moet van valhelms gebruik maak.
- Geen voertuie mag die skooleiendom binnekom om leerders af te laai nie.
- Geen ouers moet leerders op parkeerareas binne die skool aflaai nie.
- Leerders sonder rybewyse mag nie motors of motorfietse bestuur nie.
- Respekteer die sypaadjies van huiseienaars.

C) VOORKOMS EN NETHEID VAN LEERDERS

Ons doen 'n beroep op u, as ouer, om die personeel se hand te versterk ten opsigte van ons leerders se voorkoms en algemene netheid. Bestudeer asseblief die riglyne saam met u leerder soos in die jaarbeplanner vervat. Daar sal weeklikse inspeksie gehou word waar die netheid van ons leerders gekontroleer sal word. Dit vorm 'n belangrike deel van ons waardestelsel en stuur 'n positiewe beeld rondom ons leerders en skool die gemeenskap in.

D) OOPDEURBELEID

Ek rig weer 'n uitnodiging aan elke ouer om my te kom besoek oor enige aangeleentheid wat u pla. By HS Framesby het ons geen geheime nie en help graag met antwoorde waar u vrae het. Ons kan egter oor sienings oor die skool verskil, maar dit doen ons met groot respek vir mekaar se sienings. Afsprake kan voor by die sekretaresse gemaak word en wees verseker u besoek sal nie teen u en u kind gehou word nie.

E) PERSOONLIKE BESITTINGS

Ek doen net weer 'n beroep op ouers om hul leerders goed in te lig om hul persoonlike besittings mooi op te pas.

F) FAKKELFLITS

Die bestudering van die weeklikse Fakkelflits word sterk aanbeveel. Dit is 'n uitbouing van inligting na u as ouer. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

G) KWARTAALPROGRAM

Aangeheg die eerste kwartaal se kwartaalprogram. Neem kennis dat daar veranderings is.

Ouers, ek sluit af deur u te bedank vir u ondersteuning. Dit wat Hoërskool Framesby u leerder in 2026 op alle terreine bied, is voorwaar 'n winskopie. Hierdie geleenthede teen ons huidige skoolfonds sal u by min skole kry. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms is blou en goud. Kom ons werk almal daaraan om dit so te hou.

MARIUS GERMISHUYS




Framesby
Opedag
2026
24 Februarie 2026
Leerders: 15:00
Ouers: 18:00

# Weeklikse Terugflitse

## Framesby is volstoom aan die gang!
**Deur Anine Ehlers**

Binne die eerste twee weke van skool vir 2026 het Hoërskool Framesby bewys dat dit ‘n skool vol gees is. Met ongeveer 280 opgewonde “minions” wat hul eerste treë as Graad 8’s gegee het, was daar van dag een af opwinding in die lug.

Vir die eerste skoolweek was dit net baljaar en lag soos die graad 8’s elke pouse agter MB-lede aangeskarrel het. Dit het oorgespoel na ‘n prettige oriënteringsnaweek saam met hul nuwe vriende. Eerste op die program was die tradisionele spookhuis, wat almal suksesvol oorleef het. Daarna het hulle elkeen vroeg die Saterdagoggend in hul eie Sherlock Holmes verander om saam ‘n denkbeeldige misdaad op te los. Te danke aan Samantha Jackson en haar kopkrapper-leidrade is die skuldiges gou gevang. Daarna het die monitorbestuur se krieketseile, wat kreatief omskep is in ‘n seperige glybaan, gesorg vir onvergeetlike oomblikke van plesier. Op 17 Januarie kon die nuwe Flitsies hul nuwe blou baadjies aan trek tydens die graad 8-baadjieseremonie. Dit was ‘n hoendervleis-oomblik. Die oriënterinsgnaweek is afgesluit met ‘n gesinsdiens in die skoolsaal, aangebied deur Doxa Deo.

21 Januarie 2026 was wéér ‘n dag van lekkerte. ‘n Groot dag vir die twee huise van Framesby. Die pawiljoen was propvol Kritte in rooi aan die linkerkant en Visse in blou aan die regterkant, ALMAL in groot afwagting vir die ondeskeie huise se aankoms. Wat die leerders op die pawiljoen nie geweet het nie, is dat die matriek-dansers al reeds voor sonop by die skool was om na weke van oefen vir hulle ‘n ongelooflike vertoning aan te bied. Die rooi Krit-gevangenes het uit hul tronk gebreek met ‘n “Prison Break”-tema. Die blou Visse het op vlieënde matte arriveer en met blink kostuums ‘n “Arabian Nights”-tema uitgebeeld. Graad 11’s sê: “Ek kon nie eers myself hoor skree nie. Ek dink dit was die beste aankoms nog!” Na ‘n hele dag van atletiek in die warm son het die Kritte die geesbeker gewen, terwyl die Visse met die atletiek- en aankomsbeker weggestap het en as Interhuis-wenners spog.

Met soveel energie en eenheid, is dit duidelik dat 2026 nog baie meer opwinding en hoogtepunte gaan inhou. By Framesby gaan dit oor saam lag, saam groei en saam herinneringe bou. Ja, dis werklik lekker om in Framesby te is!

# ATLETIEK

## OP-liga 24 Januarie 2026

Tydens die OP-liga-byeenkoms wat op 24 Januarie 2026 te Westbourne Oval plaasgevind het, het talle Framesby-atlete deelgeneem.

Atlete het soos volg top 3-posisies verower:
16x 3de plekke
12x 2de plekke
22x 1ste plekke

Hier volg die uitslae van die top 3-atlete in hul onderskeie items en ouderdomsgroepe:

| | | |
|---|---|---|
| 3de plekke | Wikus Strydom – 100m<br>Anel Conradie – 200m<br>Liezel Redinger – 400m<br>Elri Smit – 800m<br>Ethan Coutts – 800m<br>Wikus Strydom – 100m hekkies<br>Karlie Janse van Rensburg – 100m hekkies<br>Ernst Kruger – Spiesgooi | Lea  May de Beer – Hoogspring<br>Wikus Strydom – Verspring<br>Chanel Botes – Verspring<br>Chanel Botes – Driesprong<br>Chaniya Kotze – Gewigstoot<br>Chaniya Kotze – Diskus<br>Ewaldt Nel – Diskus<br>Deseré Marx – Hamergooi |
| 2de plekke | Anel Conradie – 100m<br>Ruben Kruger – 800m<br>Leandi van Tonder – 3000m<br>Stefan Roberts – 3000m<br>Rubenn Buckley – 1500m hindernis<br>Guerra Ntuli – 3000m hindernis | Kayla du Preez – 100m hekkies<br>Anel Conradie – 100m hekkies<br>Micaela Potgieter – Paalspring<br>Chanté Strydom – Driesprong<br>Anrich Breytenbach – Diskus<br>Tamlyn Heyman – Diskus |
| 1ste plekke | Romy Meurs – 100m<br>Romy Meurs – 200m<br>Josh Botha – 800m<br>Wian Roberts – 800m<br>Jaydene Tee – 3000m<br>Ruben Keyser – 1500m hindernis<br>Dieter Voigt – 400m hekkies<br>Minke van der Merwe – hoogspring<br>Tiané Slabbert – Paalspring<br>Kayden Thoresson – Paalspring<br>Matthys Potgieter – Paalspring | Wieneke Voigt – Verspring<br>Wieneke Voigt – Driesprong<br>Chanté Strydom – Verspring<br>Minke  van der Merwe – Verspring<br>Nico Grobler – Verspring<br>Tamlyn Heyman – Gewigstoot<br>Hugo Redinger – Hamergooi<br>Tamlyn Heyman – Hamergooi<br>Lincoln Kunekke – Hamergooi<br>Lea May de Beer – Spiesgooi<br>Ilmae Mostert - Spiesgooi |

# PADWEDLOOPUITSLAE

**10KM-COLCHESTER-PADWEDLOOP:**

'n Paar van Framesby se middelafstandatlete het aan die Colchester-padwedloop oor 10km deelgeneem. Die volgende dogtersatlete behaal 'n plek onder die eerste vier atlete:

1.Jamie-Lee Bester 45:45

2.Kylie Vermaak 47:02

4.Chloe Vermaak 48:24

Baie geluk aan die atlete!






# TENNISUITSLAE

**Dogterstennis: Liga-uitslae:**

1ste span speel gelykop teen VP (2-2)
2de span wen 3-1 teen Pearson
3de span speel gelykop met stelle gewen 2-2, maar wen met pottetelling 21-14

**Seunstennis**

2de span speel teen DP en wen 4-0







# KRIEKETUITSLAE

Framesby 1ste teen Westering 1ste
@ Westering
23 Januarie

20 boulbeurte

Westering wen die loot en kies om eerste te kolf.

Westering teken 102 vir 3 paaltjies in 20 boulbeurte aan.

Beste Boulers:
* Connor van Heerden vat 1 paaltjie vir 6 lopies.
* Corbin Fleetwood vat 1 paaltjie vir 11 lopies.
* Renquin Golaith 1 paaltjie vir 18 lopies.

Framesby teken 103 vir 3 in 13.1 boulbeurte aan.

Beste Kolwers:
* Nicholas Joubert 55 van 30 balle.
* Renquin Golaith 22 van 36 balle.
* Miles Feltham 10 nie uit nie van 7 balle.

Framesby wen met 7 paaltjies.

Framesby o.15A teen Westering o.15A @ Westering
23 Januarie

20 boulbeurte

Framesby wen die loot en kies om eerste te kolf.
Framesby teken 92 vir 9 in 20 boulbeurte aan.

Beste Kolwers:
* Dylan Webber 26 lopies van 22 balle.

Westering teken 81 almal uit in 17.5 boulbeurte aan.

Beste Boulers:
* Kian Marais vat 3 paaltjies vir 8 lopies.
* Matthew Struwig vat 2 paaltjies vir 13 lopies.

Framesby wen met 11 lopies.

# KRIEKETUITSLAE

Framesby 2de teen Westering 2de @ Westering
24 Januarie

50 boulbeurte

Framesby wen die loot en kies om eerste te kolf.

Framesby teken 103 lopies almal uit in 23.5 boulbeurte aan.

Beste Kolwers:
* Keegan Wuim 35 van 52 balle.
* Luan Claassen 14 van 9 balle.
* Dian Smit 12 van 22 balle.

Westering teken 106 vir 6 aan in 23.3 boulbeurte.

Beste Boulers:
* Jannie Terblanche 6 paaltjies vir 48 lopies

Westering wen met 4 paaltjies.

Framesby o.14A teen Westering o.14A @ Westering
24 Januarie

50 boulbeurte

Framesby wen die loot en kies om eerste te kolf.

Framesby teken 56 almal uit in 13.1 boulbeurte aan.

Beste Kolwer:
* Wian Bendor teken 11 lopies aan van 23 balle.

Westering teken 57 lopies aan vir 3 in 12 boulbeurte.

Beste Bouler:
* Schalk Kemp neem 2 paaltjies vir 18 lopies in 4 boulbeurte

Westering wen met 7 paaltjies.

# KRIEKETUITSLAE

Framesby o.15A teen Westering o.15A @ Framesby
24 Januarie
50 boulbeurte

Westering wen die loot en kolf eerste.

Westering teken 65 almal uit in 28.5 boulbeurte aan.

Beste Boulers:
* Kian Marais vat 4 paaltjies vir 10 lopies.
* Matthew Struwig vat 2 paaltjies vir 8 lopies.

Framesby teken 67 vir 9 almal in 19.3 boulbeurte aan.

Beste Kolwers:
* Karlu Oosthuizen 29 lopies nie uit nie van 38 balle.

Framesby wen met 1 paaltjie.

Framesby 1ste teen Westering 1ste @ Framesby
24 Januarie

50 boulbeurte

Westering wen die loot en kies om eerste te kolf.

Westering teken 134 lopies almal uit in 36 boulbeurte aan.

Beste Boulers:
* Corbin Fleetwood vat 4 paaltjies vir 23 lopies.
* Nicholas Joubert vat 3 paaltjies vir 1 lopie.
* Adriaan Snyders vat 1 paaltjie vir 10 lopies.

Framesby teken 135 sonder verlies in 18 boulbeurte aan.

Beste Kolwers:
* Corne Matthee 70 nie uit nie van 50 balle.
* Renquin Golaith 52 nie uit nie van 60 balle.

Framesby wen met 10 paaltjies.

# BUITESPORTUITSLAE

Baie geluk aan Tiffany Botes, n nuwe graad 8-leerder, wat in Desember aan die Sanix Judo-kompetisie in Japan deelgeneem het.



## Young Gqeberha athlete excels in Japan judo contest

**Herald Reporter**

A unique opportunity to showcase their judo skills saw a pair of Eastern Cape athletes recently jet off to Japan to compete in the prestigious SANIX International Juvenile Judo Team Championships and training tour.

MJ's Judo Dojo's sensei, Reece Kramer, recently returned with Tiffany Botes, 13, of Laerskool Verkenner in Gqeberha, from the seven-day event, where Tiffany excelled against experienced competitors from across the globe. Kramer, who travelled as coach and manager, described the experience as an honour and praised the organisation and professionalism of the event.

"The competition reflected the true principles of judo — efficiency, discipline and respect.

"What stood out most was the passion shared by judoka from around the world, which created meaningful connections beyond the sport.

"Tiffany showed maturity and determination, learning from every match and coming back stronger each time," he said.

Tiffany defeated competitors from several countries, including Korea and Japan, saying the experience was both challenging and rewarding.

"It was hard work, but very exciting. Stepping onto the mat in Japan made me realise how far my judo journey has come."

Tiffany's journey in judo began at the age of six and she has since earned her titles such as district champion and competed in both kata and fighting at the South African Judo Championships.

"I love judo because every training session teaches me something new about focus, strength and discipline," she said.

"My dream is to one day become a sensei and earn my black belt so I can teach others, just like sensei Reece teaches me."

Reece said Tiffany was an exceptional young athlete with rare resilience and maturity.

"Tiffany has a remarkable calmness on the mat, paired with a fierce fighting spirit.

"She has the rare ability to get up stronger every time she's knocked down."

The tour included intensive training sessions and seminars with world-class athletes, including Ryuju Nagayama, currently ranked fifth in the world in the -60kg category.

Both coach and athlete emphasised the importance of international exposure for the development of judo in SA, encouraging younger judoka to seize opportunities to compete and train abroad.

**Sensei Reece Kramer with Tiffany Botes of Laerskool Verkenner**



8 PEExpress NEWS | NUUS

## Local judoka returns inspired after Japan tour

MEMBERS of MJ's Judo Dojo in Walmer have returned to South Africa after competing in the prestigious SANIX International Juvenile Judo Team Championships and training tour in Japan.

Sensei Reece Kramer travelled as coach and manager, representing MJ's Judo Dojo, the Sarah Baartman Judo Association and South Africa. He described the experience as an honour and praised the exceptional organisation and professionalism of the event.

"The competition reflected the true principles of judo — efficiency, discipline and respect," said Kramer. "What stood out most was the passion shared by judoka from around the world, which created meaningful connections beyond the sport."

Young judoka, Tiffany Botes, performed strongly, defeating competitors from several countries, including Korea and Japan. Kramer highlighted her growth throughout the tour, noting improved grip work, greater control and resilience in competition.

"Tiffany showed maturity and determination, learning from every match and coming back stronger each time," he said.

Botes described the experience as both challenging and rewarding. "It was hard work, but very exciting. Stepping onto the mat in Japan made me realise how far my judo journey has come."

The tour included intensive training sessions and seminars with world-class athletes, including Ryuju Nagayama, currently ranked fifth in the world in the -60kg category. Botes said the exposure inspired her to work harder and pursue her long-term goal of becoming a sensei.

Both coach and athlete emphasized the importance of international exposure for the development of judo in South Africa, encouraging younger judoka to seize opportunities to compete and train abroad.

Sensei Reece Kramer and Tiffany Botes in Japan. PHOTO: SUPPLIED














Landloopbyeenkoms
10 Februarie 2026
Tyd: 14:30 – 15:00
Plek: Parkeerarea, Die Kosblik
Kom hardloop om die skool!

# Bergfiets by Framesby

Framesby Bergfietsry is volstoom aan die gang. Kom oefen saam met ons op Maandae en Woensdae om 16:30.







# KULTUUR BY FRAMESBY

Lianae Petzer (gr 9) het in Januarie 2026 op internasionale vlak in die modelkategorie van "Stars of The Universe" deelgeneem, waar sy 'n goue toekenning vir Modeling – Formal ontvang het. Gevolglik het sy nasionale kleure (FPASA) ontvang. Baie geluk!





CERTIFICATE

OF ACHIEVEMENT

This Certificate is Proudly Presented To :

Lianae Petzer

this certificate serves to confirm that the performer has received Federation National Colours by participating and representing their Country on an international level

FPASA NUMBER: 3922 DATE: January 2026

FPASA

BOARD REPRESENTATIVE



CERTIFICATE OF PARTICIPATION

serves to confirm that

received a

GOLD AWARD

for

MODELLING Formal

at the Stars Of The Universe Online International Championship January 2026

Baie geluk aan Emily Rose in Graad 8 wat as leier van die Altgroep by die OP kinderkoor verkies is. Ons is trots op jou!





# KULTUUR BY FRAMESBY

Mienke Stofberg (gr 9) het Suid-Afrika vanaf 10 tot 17 Januarie by die Virtual Stars of the Universe International Cup verteenwoordig. Meer as 20 lande het deelgeneem. Sy het n  silwer in Dans Jazz (12 tot 14-jaar) ontvang. Sy ontvang dus weer haar SA-kleure. Baie geluk!







CERTIFICATE

OF ACHIEVEMENT

This Certificate is Proudly Presented To :

Mienke Stofberg

this certificate serves to confirm that the performer has received Federation National Colours by participating and representing their Country on an International level

FPASA NUMBER: 2800 DATE: January 2026

FPASA
BOARD REPRESENTATIVE



CERTIFICATE OF PARTICIPATION

serves to confirm that

Mienke Stofberg


received a
SILVER AWARD
for
DANCE Jazz

at the Stars Of The Universe
Online International Championship
January 2026

International Directors


KLANK EN BELIGTING
Laat elke oomblik skitter
Me I Adendorff
Maandae 16:00-17:00 Saal


DIE KLASSE BIED 'N VERSKEIDENHEID DANSSTYLE AAN; VAN BALLROOM, LATYNSE DANS EN LYNDANSE
Klasse aangebied deur
DANS
Vertroue ~ Dissipline ~ Elegansie
WOENSDAE 17:00 - 18:00
Dans met jou hart, nie jou voete nie
SKRYF JOU NAAM NEER OF KONTAK JUFFROU ROBERTS VIR ENIGE NAVRAE


F-MENSE
Ons bring die gees
Me C Coetzer
Woensdae 14:15-15:15
Die Kosblik


Mediasentrum
Maandae-Donderdae
14:15-15:15
Ons het 'n oopdeurbeleid
Me L van Rooyen


Kunsklub
Van inspirasie tot kunswerk
Me L Vos
Woensdae 14:15-15:15 K1


LANDSDIENS
Vir die land, vir die mense.
Me S Havenga
Vrydae 14:15-17:00 C3


Fantasia
Kom sing jou hart uit!
Me J Loots
Maandae 14:10-15:00 Musiekklas
Dinsdae 14:15-15:00 Musiekklas
Woensdae 14:15-15:15 Saal
Donderdae 14:15-15:00 Kultuursaal


FORUM
Jou skool. Jou nuus.
Me M Saayman
Dinsdae 14:15-15:15 K31


Fotografie
Framesby deur ons lens
Me I Louw
Woensdae 14:15-15:15 C2

# MNR & MEJ Framesby

## 10 FEBRUARIE 2026
## 19:00 IN DIE SAAL

**KAARTJIES:**
**R80 BESPREEK**
**R60 ONBESPREEK**



**KAARTJIES BESKIKBAAR**
**BY DIE ALGEMENE KANTOOR**

# MNR & MEJ Finaliste



MIEKE FRIER



LINMARI BOTHA



MARI GEISSLER



LEANÉ DU PREEZ



ZANDRI STUMKE



ANIKA JOHNSTONE



ZIA FERREIRA



MÉ-JEAN DU PREEZ



EMMA OLIVIER



ANESKA FERREIRA



GRACE GREEFF



ANNEKE GROBLER

# MNR & MEJ Finaliste



JANCO FABER



DANIEL STOFBERG



CONNOR BEER



WIAN HOLTZHAUSEN



JACO STRYDOM



LUHANN SPRONG



JOHNETON VAN ROOYEN



AIDAN WEYERS



CHALES BLIGNAUT



NICO BARKHUYSEN



DYLAN GROBLER



OWEN WESSELSS

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *Lede*

## Oudskolier

Mornay Heunis *(matriek 1986)*
Chris Knoetze *(matriek 1988)*
Rinaldo Loftie-Eaton *(matriek2000)*
Ernst Stapelberg *(matriek2013)*
Pienaar Agenbag *(matriek 1988)*
Bernard McDonald *(matriek2016)*
Jacqueline van Heerden *(matriek 1997)*
Louis Gerber *(matriek 1996)*
Rudi Gerber *(matriek 1986)*
Anelle Bailey *(matriek 1994)*
Ryno Lingerfelder *(matriek1999)*
Tania Crouse *(matriek 1995)*
Jonathan Gardiner *(matriek2000)*
Morne Barnard *(matriek 1991)*
Gerhard Meiring *(matriek1998)*
Konrad de Villiers *(matriek2006)*
Henry Claassen *(matriek 1991)*
Andrè Hough *(matriek 1988)*
Hanlie Potgieter *(matriek 1988)*
Charl De Lange *(matriek 2003)*
Anoniem *(matriek 2009)*
Anoniem *(matriek 1996)*
Lourens Grundling *(matriek2006)*
Marieta Kemp *(matriek 1973)*
Mariette Geldenhuys *(matriek2000)*
Conrad Wagener *(matriek 1995)*
Jannie vd Merwe *(matriek1993)*
Craig Gardiner *(matriek 1995)*
Mark Bradshaw *(matriek 1984)*
Marcel Bradshaw *(matriek1983)*
Riette Gerber *(matriek 2006)*
Dion Rademeyer *(matriek 1983)*
Elmarie Loftie-Eaton *(matriek 2003)*
Pieter Coffee *(matriek 1995)*
Craig Gardner (matriek 1995)
Hester Geissler *(matriek 1995)*
Eugene Nolan *(matriek 2007)*

## Ouers, Oudouers / Beheerliggaam

Mariaan Botha (ouer)
Karl du Preez (oudouer)
Anél Ferreira (ouer)
Niel Louw (ouer)
Petra Gouws (ouer)
Wynand Wessels (ouer)
Werner Edwin Olivier (ouer)
Masunet Strydom (ouer)
Dirk Kotze (ouer)
Lynette Stumke (ouer)
Hugo Maritz (ouer)
Pietie Ferreira (ouer)
Rayno vd Merwe (ouer)
Eugene de Lange (oudouer)
Henry Benn (ouer)
Yolande Gouws
Johan le Grange (ouer)
Yolandi Fourie (ouer)
Johannes Willem Muller (ouer)
Abrie Myburg (ouer)
SP Engelbrecht (ouer)
Dian Jordan Du Preez (ondersteuner)
Riekie de Beer (ouer)
Bertie Geissler (ouer)
Eben Gerber (ondersteuner)


## Personeel / Oudpersoneel

Marius Germishuys *(skoolhoof)*
Annel Germishuys *(personeel)*

Vorms op ons webtuiste beskikbaar!

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 barometer



# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

*Beste Oudskolier. Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na* ***fos@framesby.co.za*** *sal e-pos.*

NAAM EN VAN :
NOOIENSVAN:
ID-NOMMER:
JAARTAL GEMATRIKULEER:
ADRES:
PROVINSIE:
BEROEP:
TELEFOON:
SELFOONNOMMER:
E-POSADRES:

***U inligting bly hoogs vertroulik.***

**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons stelsel stoor.**

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100




Sluit aan by Framesby se Klub 1000/100 en word deel van 'n skool van uitnemendheid. Na vele navrae van ons alumni is die konsep van dié Klub gebore. Klub 1000/100 gee almal die kans om steeds betrokke te wees by die skool en die blink toekoms daarvan te verseker. Dit maak nie saak of jy jou in Suid-Afrika of oorkant die waters bevind nie. Jy kan 'n bydrae maak! 'n Maandelikse bydrae van R100 kan in die Framesby Opvoedkundige Trust gedeponeer word. Hierdie trust word aangewend vir die welstand en vooruitgang van die skool. Die fondse sal deur die Trust bestuur word. Die aanwending van die befondsing sal bepaal word deur die skool en die Trust se komitee. Daar sal elke jaar 'n finansiële verslag deurgegee en geoudit word. Die proses is dus deursigtig en lede kan sien hoe hul skenkings aangewend word.
PROSES OM BY DIE KLUB 1000/100 BETROKKE TE RAAK

1) Laai aansoekvorm van Hoërskool Framesby se webtuiste af.
2) E-pos voltooide vorm na fos@framesby.co.za
3) U naam sal weekliks in die Fakkel-Flitse onder Klub 1000/100 lede verskyn.
4) Hou ons groeiende barometer dop. Dit sal op die voorblad van die Fakkel-Flitse verskyn. Dankie aan oudleerders, ouers, onderwysers en passievolle ondersteuners vir u bydrae.



# Hoërskool Framesby
# Krieketakademie

IN SAMEWERKING MET YOUTH RISERS KRIEKETAKADEMIE

YOUNG RISERS
KRIEKETAKADEMIE

0.9 EN 0.10
ELKE MAANDAGMIDDAG
17:00 - 18:00
VANAF 2 FEBRUARIE 2026

0.11 - 0.13
ELKE DINSDAGMIDDAG
17:00 - 18:00
VANAF 3 FEBRUARIE 2026

EINDIG 23 EN 24 MAART 2026

SKRYF IN DEUR DIE VOLGENDE SKAKEL TE VOLG:
https://forms.gle/68awLhUyMRTypsFY6

## Afrigter



AUBREY FERREIRA



# Hoërskool Framesby

# Rugbyakademie

IN SAMEWERKING MET LINE BREAK RUGBY DEVELOPMENT

KOSTES R450 VIR 6 SESSIES OF
R150 PER SESSIE

OUDERDOMSGROEPE: O.10/ O.11 / O.12/ O.13

16,23,30 JANUARIE EN
6,13,20 FEBRUARIE

TYD 14:45-15:45

SKRYF IN DEUR DIE VOLGENDE SKAKEL TE VOLG:

https://forms.gle/68awLhUyMRTypsFY6

## Afrigters




RENIER DE VILLIERS




ANRICH ALBERTS




JOHAN MEYER

Twizza

IZULU.

PLATŌ
COFFEE SCULPTED
COMMUNITY INCLUDED



Hoërskool Framesby

# Netbalakademie

R80 PER SESSIE

NAVRAE:
0.7 - 0.10
JOHANN: 081 852 2584
0.11 - 0.13
CHARMAINE 079 885 5416

JANUARIE 2026:
14/16/30
FEBRUARIE 2026:
4/11/18/20
MAART:
4/11/13/18/25/27

14:30 - 15:30

FOKUSPUNTE:
BASIESE VAARDIGHEDE
VERDEDIGING
VOETWERK
AANVAL
DOELWERK

SKRYF IN DEUR DIE SKAKEL TE VOLG:
https://forms.gle/CKS7Q7tZTkdeiWhA6

## Afrigters



JOHANN VAN DER WALT



CHARMAINE BEETGE